(v) indien ten behoeve van 'n produsent verkoop deur 'n agent anders as op 'n munisipale varsproduktemark, deur sodanige agent.

(4) 'n In subartikel (3) (c) bedoelde markmeester of agent, wat 'n heffing aan die Raad betaal het of moet betaal op appels en pere, wat hy ten behoeve van iemand anders verkoop het, kan die bedrag van so 'n heffing van so iemand verhaal, deur dit af te trek van die opbrengs van die appels en pere aldus deur hom verkoop.

(5) Die Raad kan aan 'n markmeester of agent wat 'n heffing aan die Raad betaal het op appels en pere wat hy ten behoeve van iemand anders verkoop het, die kommissie op die bedrag van die heffing betaal wat die Raad bepaal.

#### *Oplegging van spesiale heffings*

32. (1) Die Raad kan, behoudens die bepalings van artikel 43 van die Wet, met die goedkeuring van die Minister en op 'n grondslag wat die Raad bepaal, 'n spesiale heffing opleë op sagtevrugte of op sagtevrugte van 'n bepaalde klas, graad of kwaliteitstandaard.

(2) Vir die doeleindes van so 'n spesiale heffing is die bepalings van artikel 31 (2), (3), (4) en (5) *mutatis mutandis* van toepassing en by sodanige toepassing word 'n verwysing in daardie artikel na 'n heffing uitgelê as 'n verwysing na 'n spesiale heffing opgelê kragtens subartikel (1) van hierdie artikel.

#### *Leen van geld*

33. Die Raad kan met die Minister se goedkeuring geld leen wat ter verwesentliking van die oogmerke van hierdie Skema aangewend moet word.

#### *Algemene Fonds*

34. (1) Hierby word 'n fonds ingestel wat die Algemene Fonds heet, wat deur die Raad bestuur en beheer moet word en waarin alle gelde gestort moet word wat deur die Raad ontvang word, behalwe dié gelde wat in 'n artikel 35 bedoelde Reserwefonds of in 'n spesiale fonds in artikel 36 beoog of in 'n fonds of rekening van 'n in artikel 45 bedoelde poel gestort moet word.

(2) Alle administratiewe uitgawes van die Raad word uit die Algemene Fonds betaal.

(3) Die Raad kan met die Minister se goedkeuring geld in die Algemene Fonds vir enige ander doel aanwend wat na oordeel van die Raad tot die voordeel sal strek van persone wat belang het by sagtevrugte.

#### *Reserwefondse*

35. (1) Hierby word die volgende reserwefondse ingestel, wat deur die Raad bestuur en beheer moet word en waarin die gelde deur die Raad ontvang, wat die Minister bepaal, en die bedrae tot die beskikking van die Raad wat die Minister van tyd tot tyd goedkeur, of

(ii) if sold on behalf of any person by an agent on a municipal fresh produce market, by the market master who controls such market;

(iii) if sold directly by a producer to a person who is the holder of a permit issued under section 49 to sell deciduous fruit of any of the kinds specified in that section, by the holder of such permit;

(iv) if sold directly by a producer to a person other than a person referred to in paragraph (iii), by such producer;

(v) if sold on behalf of a producer by an agent other than on a municipal fresh produce market, by such agent.

(4) A market master or agent referred to in subsection (3) (c) who paid or has to pay to the Board a levy on apples and pears sold by him on behalf of any other person, may recover the amount of any such levy from such person by deducting it from the proceeds of the apples so sold by him.

(5) The Board may pay to a market master or agent who has paid to the Board a levy on apples and pears sold by him on behalf of any other person, such commission on the amount of the levy as the Board may determine.

#### *Imposition of special levies*

32. (1) The Board may, subject to the provisions of section 43 of the Act, with the approval of the Minister and on such basis as the Board may determine, impose a special levy on deciduous fruit or on deciduous fruit of a particular class, grade or standard of quality.

(2) For the purposes of any such special levy, the provisions of section 31 (2), (3), (4), and (5) shall *mutatis mutandis* apply and in such application a reference in that section to a levy shall be construed as a reference to a special levy imposed under subsection (1) of this section.

#### *Borrowing of money*

33. The Board may borrow money with the approval of the Minister, to be utilised for the purpose of attaining the objects of this Scheme.

#### *General Fund*

34. (1) There is hereby established a fund, to be known as the General Fund, which shall be administered and controlled by the Board and into which shall be paid all moneys received by the Board except such moneys as are paid into a Reserve Fund referred to in section 35 or into a special fund contemplated in section 36 or into a fund or account of any pool referred to in section 45.

(2) All administrative expenses of the Board shall be paid from the General Fund.

(3) The Board may utilise, with the approval of the Minister, money in the General Fund for any other object which in the opinion of the Board will be to the advantage of persons interested in deciduous fruit.

#### *Reserve funds*

35. (1) There are hereby established the following reserve funds which shall be administered and controlled by the Board and into which shall be paid such moneys received by the Board as may be determined by the Minister, and such amounts at the disposal of the Board as may from time to time be approved by the



wat die Minister na die end van die by artikel 28 bepaalde boekjaar en na oorlegpleging met die Raad bepaal, gestort moet word:

- (a) Algemene Reserwefonds; en
- (b) Navorsingsreserwefonds.

(2) Die Raad kan oor die gelde in die in subartikel (1) bedoelde reserwefondse beskik op die wyse wat die Minister goedkeur.

#### *Spesiale fondse*

36. (1) Die Raad kan een of meer spesiale fondse instel wat deur die Raad bestuur en beheer moet word, waarin die gelde verkry uit 'n spesiale heffing kragtens artikel 32 opgelê, die ander gelde deur die Raad ontvang wat die Minister bepaal, en die bedrae tot die beskikking van die Raad, wat die Minister goedkeur, gestort moet word.

(2) Die Raad kan oor die geld in 'n in subartikel (1) beoogde spesiale fonds beskik op die wyse wat die Minister goedkeur.

#### *Bates van Raad by opheffing van Skema*

37. Ingeval hierdie Skema opgehef word—

(a) word alle bates van die Raad, nadat al sy skulde betaal is aan die Minister oorhandig en die bates aldus oorhandig, word deur die Minister na goeëddunke vir die bevordering van die sagtevrugte-bedryf aangewend;

(b) word enige tekort wat mag bestaan nadat al die bates van die Raad tot geld gemaak is, gedra deur produsente van sagtevrugte in verhouding tot die onderskeie bedrae in die vorm van heffing en spesiale heffing kragtens hierdie Skema gedurende die tydperk van drie jaar onmiddellik voor die datum waarop die Skema opgehef is, deur hulle betaal.

#### *Boekjaar*

38. Die boekjaar ingevolge hierdie Skema is die tydperk vanaf die eerste dag van Oktober in enige jaar tot die 30ste dag van September in die daaropvolgende jaar, albei dae ingesluit.

### DEEL V

#### BEHEER KRAGTENS SKEMA

##### *Aantekeninge en opgawes*

39. Die Raad kan, met die Minister se goedkeuring—

(a) enigiemand, of enigiemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, of enigiemand behalwe iemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, gelas om aan die Raad dié inligting met betrekking tot sagtevrugte of iets waarvan sagtevrugte verkry word, te verstrek, waaroor bedoelde persoon beskik en wat die Raad spesifiseer;

(b) die aantekeninge wat in verband met sagtevrugte of iets gehou moet word, die tydperk waarvoor so 'n aantekening behou moet word en die opgawes wat ten opsigte van sagtevrugte of iets aan die Raad verstrek moet word deur enigiemand, of deur enigiemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, of deur enigiemand behalwe iemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, voorskryf, asook die tye waarop, die vorm waarin en die wyse waarop die bedoelde opgawes aldus verstrek moet word.

Minister or as may after the end of any financial year, determined in section 38 of this Scheme, be determined by the Minister after consultation with the Board:

- (a) General Reserve Fund; and
- (b) Research Reserve Fund.

(2) The Board shall deal with money in a reserve fund referred to in subsection (1) in such manner as may be approved by the Minister.

#### *Special funds*

36. (1) The Board may establish one or more special funds which shall be administered and controlled by the Board, into which shall be paid the moneys derived from a special levy imposed under section 32, such other moneys received by the Board as may be determined by the Minister and such amounts at the disposal of the Board as may be approved by the Minister.

(2) The Board may deal with money in a special fund contemplated in subsection (1) in such manner as may be approved by the Minister.

#### *Assets of Board in event of discontinuance of Scheme*

37. In the event of discontinuance of this Scheme—

(a) all assets of the Board after all its debts have been paid, shall be handed over to the Minister and the assets so handed over shall be utilised by the Minister at his discretion for the advancement of the deciduous fruit industry;

(b) any deficit which may exist after all the assets of the Board have been realised, shall be borne by producers of deciduous fruit in proportion to the respective amounts paid by them in the form of levies and special levies under this Scheme during the period of three years immediately preceding the date on which this Scheme is discontinued.

#### *Financial year*

38. The financial year under this Scheme, shall be the period from the first day of October in any year to the 30th day of September in the next succeeding year, both days inclusive.

### PART V

#### CONTROL UNDER SCHEME

##### *Records and returns*

39. The Board may, with the approval of the Minister—

(a) require any person, or any person belonging to any class or group of persons, or any person other than a person belonging to any class or group of persons, to furnish the Board with such information relating to deciduous fruit or anything from which deciduous fruit is derived as may be available to such person and as the Board may specify;

(b) prescribe the records to be kept in connection with deciduous fruit or thing, the period for which any such record shall be retained and the returns to be rendered in regard to deciduous fruit or thing to the Board by any person or by any person belonging to any class or group of persons, or by any person other than a person belonging to any class or group of persons, and the times at which, and the form and manner in which such return shall be so rendered.



*Aanstelling van agente*

40. (1) Die Raad kan, onderworpe aan voorwaardes deur die Minister goedgekeur, die agente aanstel wat die Raad nodig ag vir die behoorlike verrigting van sy werksaamhede.

(2) Iemand wie se aansoek om aanstelling kragtens subartikel (1) as 'n agent geweier is, of wie se aanstelling kragtens daardie subartikel as 'n agent beëindig is, kan ingevolge artikel 53 (2) van die Wet op die wyse by regulasie kragtens artikel 89 van die Wet voorgeskryf, teen sodanige weiering of beëindiging by die Minister appèl aanteken.

*Magtiging en bevoegdheid van inspekteurs*

41. Die Raad kan, vir die uitvoering van die bepalings van hierdie Skema, enigiemand in die algemeen of in 'n besondere geval magtig om te alle redelike tye—

(a) 'n plek te betree wat geokkupeer word deur iemand wat 'n produsent is of vermoed word 'n produsent te wees van, of deur iemand wat as 'n besigheid handel of vermoed word as 'n besigheid te handel, met sagtevrugte, of 'n plek of voertuig waarin of waarop daar 'n hoeveelheid sagtevrugte deur iemand gehou word of na vermoede gehou word;

(b) sodanige sagtevrugte te inspekteer en alle boeke en stukke op bedoelde plek of in of op bedoelde voertuig na te gaan wat, na op redelike gronde vermoed word, op sagtevrugte betrekking het en afskrifte van of uittreksels uit dié boeke en stukke te maak;

(c) van die eienaar van sodanige sagtevrugte of van die persoon wat dit in sy bewaring het, inligting aangaande sodanige sagtevrugte te eis;

(d) van die eienaar van so 'n boek of stuk of van die persoon wat dit in sy bewaring het, 'n verklaring van 'n inskrywing daarin te eis;

(e) beslag te lê op boeke, stukke of artikels wat bewys kan lewer van die pleeg van 'n misdryf ingevolge die Wet of hierdie Skema of 'n kragtens die Wet uitgevaardigde regulasie, of op 'n hoeveelheid sagtevrugte ten opsigte waarvan so 'n misdryf vermoedelik gepleeg is, en om boeke, stukke of artikels of 'n hoeveelheid sagtevrugte waarop aldus beslag gelê is, van die betrokke plek of voertuig te verwyder of dit op bedoelde plek of voertuig te laat en na goeddunke 'n identifikasiemerk wat hy nodig ag aan te bring op so 'n boek, stuk, artikel of sodanige sagtevrugte, of op die houer daarvan;

(f) monsters te neem van sagtevrugte, met inbegrip van 'n hoeveelheid daarvan waarop beslag gelê is kragtens paragraaf (e) en sodanige monsters te ondersoek, te ontleed, te klassifiseer, te gradeer of te laat ondersoek, ontleed, klassifiseer of gradeer.

*Handelinge met plantmateriaal, pakmateriaal en houters*

42. Die Raad kan op die voorwaardes wat die Minister goedgekeur—

(a) (i) pakmateriaal en houters koop wat produsente nodig het vir die bemarking van sagtevrugte;

(ii) sodanige pakmateriaal en houters verkoop aan produsente van sagtevrugte of aan persone wat in die loop van hul besigheid sodanige pakmateriaal en houters aan bedoelde produsente verkoop;

(iii) sodanige pakmateriaal en houters aan produsente van sagtevrugte verhuur;

*Appointment of agents*

40. (1) The Board may, subject to conditions approved by the Minister, appoint such agents as it may consider necessary for the proper performance of its functions.

(2) Any person whose application for appointment as an agent under subsection (1) has been refused, or whose appointment as an agent under that subsection has been terminated, may appeal against such refusal or termination to the Minister in terms of section 53 (2) of the Act in the manner prescribed by regulation under section 89 of the Act.

*Authorisation and powers of inspectors*

41. The Board may for the purpose of the enforcement of the provisions of this Scheme, empower any person generally or in any particular case, at all reasonable hours—

(a) to enter any place occupied by any person who is, or is suspected to be, a producer or a person dealing in the course of trade with deciduous fruit, or any place or vehicle in or on which there is kept or is suspected to be kept any quantity of deciduous fruit;

(b) to inspect such deciduous fruit and to examine all books and documents at any such place or in or on any such vehicle, which are believed on reasonable grounds to relate to deciduous fruit and to make copies of or take abstracts from such books and documents;

(c) to demand from the owner or custodian of such deciduous fruit any information concerning such deciduous fruit;

(d) to demand from the owner or custodian of any such book or document an explanation of any entry therein;

(e) to seize any books, documents or articles which may afford evidence of the commission of an offence under the Act or this Scheme or any regulation made under the Act, or any quantity of deciduous fruit in respect of which any such offence is suspected to have been committed, and to remove from the place or vehicle in question or to leave at such place or on such vehicle any books, documents or articles or any quantity of deciduous fruit, which has been so seized, and, if he deems fit, to place on any such book, document, article or deciduous fruit, or on the container thereof, any identification mark which he may consider necessary;

(f) to take samples of deciduous fruit, including any quantity thereof which has been seized under paragraph (e), and to examine, analyse, classify or grade such samples or cause them to be examined, analysed classified or graded.

*Dealings with plant material, packing material and containers*

42. The Board may on such conditions as the Minister may approve—

(a) (i) purchase any packing material and containers which producers may require for the marketing of deciduous fruit;

(ii) sell such packing material and containers to producers of deciduous fruit or to persons who in the course of their business sell such packing material and containers to such producers;

(iii) hire out such packing material and containers to producers of deciduous fruit;

(iv) die vervaardiging van sodanige pakmateriaal en houters, of die aankoop daarvan deur bedoelde produsente of persone, uit sy fondse finansier;

(b) (i) plantmateriaal verkry of ontwikkel wat produsente gebruik vir die produksie van sagtevrugte;

(ii) sodanige plantmateriaal vermeerder of verbeter, of sodanige plantmateriaal verkoop aan produsente van sagtevrugte of aan persone wat in die loop van hul besigheid sodanige plantmateriaal aan bedoelde produsente verkoop;

(iii) die ontwikkeling, verbetering of vermeerdering van sodanige plantmateriaal uit sy fondse finansier.

#### *Vasstelling van prys*

43. (1) Die Raad kan behoudens die bepalinge van artikel 60 (2) van die Wet, met die Minister se goedkeuring, van tyd tot tyd enigiemand, of enigiemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, of enigiemand behalwe iemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, verbied om 'n hoeveelheid sagtevrugte of 'n klas of graad daarvan te verkry, te verkoop of van die hand te sit teen 'n ander of 'n laer of 'n hoër prys as 'n prys deur die Raad vasgestel, of bereken ooreenkomstig 'n grondslag deur die Raad bepaal, vir sagtevrugte of vir bedoelde klas, graad of hoeveelheid daarvan.

(2) Die Raad kan by die uitoefening van sy bevoegdheid kragtens subartikel (1), met die Minister se goedkeuring—

(a) die gelde of koste bepaal wat ingesluit of bygevoeg moet word by, of afgetrek moet word van, 'n in gemelde subartikel bedoelde prys, of die massa bepaal wat met betrekking tot 'n in daardie subartikel bedoelde hoeveelheid toegelaat moet word vir die houer van die betrokke sagtevrugte;

(b) van iemand wat die betrokke sagtevrugte, of 'n klas, graad of hoeveelheid daarvan, van die hand sit op krediet of vir 'n bedrag wat meer is as 'n deur die Raad bepaalde bedrag, vereis dat hy 'n faktuur met aldus bepaalde besonderhede moet verskaf;

(c) gelas dat 'n aldus vasgestelde prys op dié wyse en in dié vorm en op dié plekke of voertuie en deur dié persone of klasse persone wat die Raad bepaal, vertoon moet word.

#### *Verbod op die verkoop van sagtevrugte behalwe aan of deur bemiddeling van die Raad, of aan bepaalde persone*

44. (1) Die Raad kan met die Minister se goedkeuring 'n produsent van sagtevrugte verbied om sagtevrugte of 'n klas, graad, hoeveelheid of persentasie daarvan wat die Raad van tyd tot tyd bepaal, te verkoop behalwe aan of deur bemiddeling van die Raad of aan dié persone deur die Raad bepaal.

(2) Die Raad kan met die Minister se goedkeuring vrystelling verleen, op die voorwaardes deur die Raad bepaal, van die werking van 'n verbod deur die Raad opgelê kragtens subartikel (1) en, indien 'n in artikel 31 vermelde heffing of 'n in artikel 32 vermelde spesiale heffing nie betaalbaar is nie ten opsigte van die klas sagtevrugte ten opsigte waarvan so 'n vrystelling verleen is, ook op voorwaarde, behoudens artikel 64 (3) van die Wet, dat 'n bedrag geld wat deur die Raad met die Minister se goedkeuring bepaal word, ten opsigte van 'n eenheid of hoeveelheid daarvan aan die Raad betaal word deur die persone, op die tye en op die wyse deur die Raad bepaal, maar wat hoogstens

(iv) finance out of its funds the manufacture of such packing material and containers or the purchase thereof by such producers or persons;

(b) (i) acquire or develop any plant material which producers use for the production of deciduous fruit;

(ii) multiply or improve such plant material, or sell such plant material to producers of deciduous fruit or to persons who in the course of their business sell such plant material to such producers;

(iii) finance out of its funds the development, improvement or multiplication of such plant material.

#### *Fixing of prices*

43. (1) The Board may, subject to the provisions of section 60 (2) of the Act, with the approval of the Minister prohibit, from time to time, any person, or any person belonging to any class or group of persons, or any person other than a person belonging to any class or group of persons, from acquiring, selling or disposing of any quantity of deciduous fruit at a price other than or below or above a price fixed by the Board, or calculated in accordance with a basis determined by the Board for deciduous fruit, or for such class, grade or quantity thereof.

(2) The Board may when exercising its powers conferred under subsection (1), with the approval of the Minister—

(a) determine the charges or costs to be included in, added to or deducted from any price referred to in the said subsection or the mass to be allowed, in relation to any quantity referred to in that subsection, for any container of the deciduous fruit in question;

(b) require any person disposing of the deciduous fruit in question, or of any class, grade or quantity thereof, on credit or for an amount exceeding an amount determined by the Board, to render an invoice containing such particulars as may be so determined;

(c) require any price so fixed to be displayed in such manner and at such places or on such vehicles and by such persons or classes of persons, as may be determined by the Board.

#### *Prohibition of the sale of deciduous fruit except through the Board or to specified persons*

44. (1) The Board may, with the approval of the Minister, prohibit any producer of deciduous fruit from selling deciduous fruit, or any class, grade, quantity or percentage thereof which the Board may from time to time determine, except through the Board or to such persons as may be determined by the Board.

(2) The Board may, with the approval of the Minister, grant exemption on the conditions determined by the Board, from the operation of any prohibition imposed by the Board under subsection (1) and, if a levy referred to in section 31 or a special levy referred to in section 32 is not payable in respect of the class of deciduous fruit in respect of which any such exemption was granted, also on condition, subject to section 64 (3) of the Act, that an amount of money, determined by the Board with the approval of the Minister, be paid to the Board in respect of any unit or quantity thereof by such persons, at such times



soveel is as die bedrag van die hoogste sodanige heffing en die hoogste sodanige spesiale heffing wat betaalbaar is ten opsigte van 'n gelyke eenheid of hoeveelheid van 'n klas sagtevrugte wat deur bemiddeling van die Raad verkoop word.

(3) Wanneer die Raad ingevolge subartikel (1) die verkoop van sagtevrugte verbied het behalwe aan of deur bemiddeling van die Raad, moet hy poele ooreenkomstig die bepalinge van artikel 45 bestuur vir die verkoop van sagtevrugte wat deur produsente ingevolge bedoelde verbod aan die Raad vir verkoop gelewer word.

(4) By die toepassing van hierdie artikel beteken "sagtevrugte"—

(a) met betrekking tot sagtevrugte wat bestem is vir verkoop in die Republiek, sagtevrugte (behalwe appels en appelkose) wat in die beheerde produksiegebied geproduseer is;

(b) met betrekking tot sagtevrugte wat bestem is vir verkoop buite die Republiek, sagtevrugte wat op enige plek in die Republiek geproduseer is.

#### *Bestuur van poele*

45. (1) Die Raad moet ten opsigte van die verkoop van sagtevrugte wat ooreenkomstig 'n verbod kragtens artikel 44 uitgevaardig aan die Raad vir verkoop gelewer word, afsonderlike poele bestuur op die grondslag van verskillende klasse van sagtevrugte wat die Raad met die goedkeuring van die Minister bepaal.

(2) Die Raad moet—

(a) 'n ontvangsbewys ten opsigte van elke hoeveelheid sagtevrugte aan hom vir verkoop gelewer aan die betrokke produsent uitreik; en

(b) elke sodanige hoeveelheid aan die poel vir die klas sagtevrugte waartoe dit volgens die Raad se oordeel behoort, toewys.

(3) Die Raad kan 'n poel wat hy bestuur, finansier en sagtevrugte aan hom vir verkoop gelewer, behandel soos hy goeie, gradeer, verpak, opberg, vir verkoop geskik maak, verwerk, verseker, vervoer en behoudens die bepalinge van artikel 17, adverteer.

(4) Wanneer 'n hoeveelheid sagtevrugte met die goedkeuring van die Raad vir die rekening van 'n poel in dunder houers gelewer word as die standaardhouer toegelaat vir sagtevrugte wat aan daardie poel gelewer word, kan die Raad aan bydraers ten opsigte van die hoeveelheid vrugte wat hulle aldus gelewer het, 'n bedrag betaal wat gelyk is aan die verskil, soos deur die Raad bepaal, tussen die gemiddelde verpakkingskoste van sodanige hoeveelheid vrugte in sodanige houers (insluitende die koste van verpakkingsmateriaal) en die ooreenstemmende verpakkingskoste van 'n soortgelyke hoeveelheid vrugte in genoemde standaardhouers, en sodanige betaling word geag koste te wees wat in verband met die bestuur van daardie poel aangegaan is.

(5) So gou doenlik na die end van 'n boekjaar ingevolge hierdie Skema, moet die Raad die netto opbrengs van elke poel wat hy gedurende daardie jaar bestuur het, bepaal, deur van die bruto opbrengs (soos deur die Raad bereken) en enige ander geld wat die Raad met die goedkeuring van die Minister in daardie poel gestort het, af te trek enige bedrag wat die Raad kragtens subartikel (11) (a) uit daardie poel na 'n ander sodanige poel oorgedra het en alle koste deur die Raad aangegaan in verband met bedoelde poel, met inbegrip van die koste wat regstreeks in verband staan met die in subartikel (3) bedoelde werksaamhede van die Raad.

and in such manner as the Board may determine, but not exceeding the amount of the highest such levy and the highest such special levy payable in respect of an equal unit or quantity of any class of deciduous fruit which is sold through the Board.

(3) Whenever the Board has under subsection (1) prohibited the sale of deciduous fruit except through the Board, it shall conduct pools in accordance with the provisions of section 45 for the sale of deciduous fruit delivered for sale to the Board by producers in terms of the said prohibition.

(4) For the purposes of this section "deciduous fruit" means—

(a) in relation to deciduous fruit which is intended for sale in the Republic, deciduous fruit (except apples and apricots) produced in the controlled production area;

(b) in relation to deciduous fruit which is intended for sale outside the Republic, deciduous fruit produced anywhere in the Republic.

#### *Conduct of pools*

45. (1) The Board shall, in respect of the sale of deciduous fruit delivered to the Board for sale in pursuance of a prohibition imposed under section 44, conduct separate pools on the basis of various classes of deciduous fruit determined by the Board with the approval of the Minister.

(2) The Board shall—

(a) issue a receipt voucher in respect of each quantity of deciduous fruit delivered to it for sale to the producer concerned; and

(b) assign each such quantity to the pool for the class of deciduous fruit to which it belongs in the opinion of the Board.

(3) The Board may finance any pool conducted by it and may treat in such manner as it may deem fit, grade, pack, store, adapt for sale, process, insure, transport and, subject to the provisions of section 17, advertise deciduous fruit delivered to it for sale.

(4) Whenever a quantity of deciduous fruit is, with the approval of the Board, delivered for the account of a pool in more expensive containers than the standard container allowed for deciduous fruit delivered to that pool, the Board may pay to participants in respect of the quantity of fruit so delivered by them, an amount equal to the difference, as determined by the Board, between the average packing costs of such quantity of fruit in such containers (including the costs of packing materials) and the corresponding packing costs of a similar quantity of fruit in the said standard containers, and such payment shall be regarded as costs incurred in the conduct of that pool.

(5) As soon as may be after the end of a financial year under this Scheme, the Board shall determine the net proceeds of each pool conducted by it during that year, by deducting from the gross proceeds (as calculated by the Board) and any other money paid by the Board into that pool with the approval of the Minister, any amount transferred by the Board under subsection (11) (a) from that pool to any other pool and all costs incurred by the Board in connection with the said pool including the costs which directly relate to the functions of the Board referred to in subsection (3).



(6) Die netto opbrengs van 'n poel wat kragtens subartikel (5) bereken is, moet behoudens die bepalinge van subartikels (7) en (8) verdeel word tussen die produsente wie se sagtevrugte aan daardie poel toegewys is, in verhouding tot die onderskeie hoeveelhede sagtevrugte wat ten behoeve van die deelnemende produsente vir die rekening van daardie poel aangeneem is: Met dien verstande dat bedoelde hoeveelhede bereken moet word volgens die ontvangsbewyse deur die Raad kragtens subartikel (2) (a) uitgereik en die toewysings deur die Raad kragtens subartikel (2) (b) gemaak, aangesuiwer deur die regstelling van klaarblyklike foute wat aan die lig kom voor of op die 31ste dag van Julie in die boekjaar waarin die betrokke poel bestuur is, of sodanige later datum as wat die Raad onder spesiale omstandighede mag bepaal.

(7) Die totale bedrag aan 'n deelnemende produsent kragtens subartikel (6) betaalbaar, moet verminderd word met—

(a) die bedrag van enige gelde kragtens subartikel (9) aan hom voorgeskiet; en

(b) enige bedrag wat kragtens hierdie Skema deur hom aan die Raad betaalbaar mag wees.

(8) Die totale bedrag aan 'n deelnemende produsent kragtens subartikel (6) betaalbaar, kan deur die Raad vermeerder of verminderd word met 'n bedrag deur die Raad bepaal en wat bereken is op 'n grondslag deur die Minister goedgekeur.

(9) Die Raad kan, met die Minister se goedkeuring, voor die berekening van die netto opbrengs van 'n poel ingevolge subartikel (5), aan deelnemende produsente in daardie poel geld voorskiet.

(10) Waar 'n saldo in 'n poel wanneer sy rekeninge afgesluit word, na die oordeel van die Raad en die Minister so klein is dat 'n verdeling daarvan onder die deelnemers in die poel nie geregverdig is nie, kan met sodanige saldo gehandel word op 'n wyse wat die Minister goedgekeur.

(11) Die Raad kan—

(a) met die goedkeuring van die Minister 'n gedeelte van die opbrengs in 'n poel oordra na 'n ander sodanige poel deur die Raad bestuur;

(b) met gelde wat 'n poel toeval nadat die rekeninge daarvan afgesluit is, handel op 'n wyse deur die Minister bepaal.

(12) Vir die doel van hierdie artikel—

(a) beteken "gelewer", behoudens die bepalinge van paragrawe (b) en (c), gelewer by die innameplekke wat van tyd tot tyd deur die Raad aan produsente bekendgemaak word ten opsigte van die lewering van sagtevrugte of sagtevrugte van 'n bepaalde klas, aan die Raad vir verkoop;

(b) word sagtevrugte gelewer by 'n uitvoerhawe aldus as 'n innameplek bekendgemaak, geag aan die Raad gelewer te gewees het op die dae waarop dit deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens Administrasie aangeneem is vir vervoer ten behoeve van 'n produsent na sodanige hawe, behalwe in die geval van sagtevrugte wat op 'n Sondag aldus aangeneem is, watter vrugte geag word aan die Raad gelewer te gewees het op die onmiddellik daaropvolgende Maandag;

(c) word sagtevrugte met die goedkeuring van die Raad gelewer by 'n innameplek anders as 'n uitvoerhawe, geag aan die Raad gelewer te gewees het

(6) The net proceeds of a pool calculated in terms of subsection (5), shall, subject to the provisions of subsection (7) and (8), be divided amongst the producers whose deciduous fruit was assigned to that pool, in proportion to the respective quantities of deciduous fruit accepted for the account of that pool on behalf of the participating producers: Provided that the said quantities shall be calculated in accordance with the receipt vouchers issued by the Board under subsection (2) (a), and the assignments made by the Board under subsection (2) (b), as adjusted by the rectification of any apparent errors which are exposed before or on the 31st day of July in the financial year during which the pool was conducted, or such later date as may be determined by the Board under special circumstances.

(7) The total amount payable to a participating producer under subsection (6), shall be reduced by—

(a) the amount of any advance paid to him under subsection (9); and

(b) any amount which may be payable by him to the Board in terms of this Scheme.

(8) The total amount payable to a participating producer in terms of subsection (6) may be increased or decreased by the Board with an amount determined by the Board and which is calculated on a basis approved by the Minister.

(9) The Board may with the approval of the Minister, prior to the calculation of the net proceeds of a pool under subsection (5), make advance payments to participating producers in that pool.

(10) Where any balance in a pool when its accounts are closed, is, in the opinion of the Board and the Minister, so small that a division thereof among the participants of the pool is not justified, such balance may be dealt with in any manner approved of by the Minister.

(11) The Board may—

(a) with the approval of the Minister transfer any portion of the proceeds of a pool to any other pool conducted by the Board;

(b) deal with moneys which accrue to a pool after its accounts have been closed in a manner determined by the Minister.

(12) For the purposes of this section—

(a) "delivered" means subject to the provisions of paragraph (b) and (c), delivered at such places notified from time to time by the Board to producers as the intake points for the delivery of deciduous fruit, or deciduous fruit of a particular class, to the Board for sale;

(b) deciduous fruit delivered at a port of export which has been notified as an intake point, shall be deemed to have been delivered to the Board on the days on which it was accepted by the South African Railways and Harbours Administration for conveyance to such port on behalf of a producer to such a port, except in the case of deciduous fruit so accepted on a Sunday, which fruit shall be deemed to have been delivered to the Board on the immediate succeeding Monday; and

(c) deciduous fruit delivered, with the approval of the Board, at an intake point other than a port of export, shall be deemed to have been delivered

op die dae waarop dit by sodanige innameplek ooreenkomstig die voorgeskrewe verpakings- en graderingsregulasies vir uitvoer uit of vir afset in die Republiek van Suid-Afrika, goedgekeur is, behalwe—

(i) in die geval van sagtevrugte wat op 'n Sondag by sodanige innameplek vir uitvoer aldus goedgekeur is, watter vrugte geag word aan die Raad gelewer te gewees het op die onmiddellik daaropvolgende Maandag;

(ii) in die geval van sagtevrugte wat kragtens 'n ooreenkoms met die Raad in grootmaatkrate koelopgeberg word vir verpakking en lewering aan die Raad op sodanige later datum as wat die Raad mag bepaal, ooreenkomstig die genoemde verpakings- en graderingsregulasies en wat ten tyde van uitvoer of afset vir uitvoer of afset aldus goedgekeur word, watter vrugte geag word aan die Raad gelewer te gewees het op die dae waarop dit in grootmaatkrate in koelopberging geplaas was.

#### *Kennisgewing van lewerings*

46. Wanneer die Raad produsente van sagtevrugte kragtens artikel 44 (1) verbied het om sagtevrugte te verkoop behalwe aan of deur bemiddeling van die raad, kan hy met die Minister se goedkeuring—

(a) gelas dat elke produsent gedurende 'n tydperk deur die Raad bepaal, aan die Raad kennis moet gee van die totale hoeveelheid sagtevrugte wat die produsent van voorneme is om gedurende 'n toekomstige deur die Raad bepaalde tydperk vir verkoop aan die Raad te lewer;

(b) weier om dié hoeveelheid sagtevrugte, of 'n deel daarvan, ten opsigte waarvan die produsent nie ingevolge 'n lasgewing kragtens paragraaf (a) kennis gegee het nie, in ontvangs te neem;

(c) waar die Raad dit billik ag om dit te doen, van 'n produsent wat aan die Raad 'n hoeveelheid sagtevrugte gelewer het—

(i) wat verskil van die hoeveelheid waarvan die betrokke produsent aldus kennis gegee het; of

(ii) ten opsigte waarvan daardie produsent versuim het om aldus kennis te gee;

'n bedrag ten bate van die betrokke pool verhaal wat, volgens skatting deur die Raad, met die goedkeuring van die Minister gemaak, ongeveer gelyk staan met die bedrag van die verlies deur daardie pool gelyk as gevolg van sodanige verskil in hoeveelheid of sodanige versuim om kennis te gee. Met dien verstande dat die bedrag wat per hoeveelheid sagtevrugte verhaal word nie R35 per metrieke ton mag oorskry nie.

#### *Verbod op verkoop van sekere klasse, grade of hoeveelhede sagtevrugte*

47. Die Raad kan, met die Minister se goedkeuring, 'n produsent van sagtevrugte van tyd tot tyd verbied om sagtevrugte wat hy geproduseer het, behalwe 'n klas, graad, hoeveelheid of persentasie daarvan wat die Raad vasgestel het, of behalwe vir 'n doel wat die Raad bepaal het, te verkoop.

#### *Verbod op verkoop van sagtevrugte wat nie van die Raad of vermelde persone verkry is nie*

48. Die Raad kan met die Minister se goedkeuring enigiemand verbied om sagtevrugte, uitgesonderd appels en appeltjies te verkoop tensy hy dit verkry het van die Raad of van dié persone wat deur die raad bepaal word.

on the days on which it was approved for export from or sale in the Republic in accordance with the prescribed packing and grading regulations, except in the case of—

(i) deciduous fruit so approved for export at such an intake point on a Sunday, which fruit shall be deemed to have been delivered to the Board on the immediate succeeding Monday;

(ii) deciduous fruit cold stores in terms of a contract with the Board in bulk containers for packing and delivery, on such later date as the Board may determine, in accordance with the said packing and grading regulations, and so approved for export or sale at the time of export or sale, which fruit shall be deemed to have been delivered to the Board on the days on which it was placed in cold storage in bulk containers.

#### *Notice of deliveries*

46. Whenever the Board has under section 44 (1) prohibited the sale of deciduous fruit except through the Board, it may with the approval of the Minister—

(a) require each producer to give, during any period determined by the Board, notice to the Board, of the total quantity of deciduous fruit which he intends to deliver to the Board, during any future period determined by the Board, for sale;

(b) refuse to accept that quantity of deciduous fruit, or any part thereof, in respect of which the producer concerned has not given notice in terms of any requirement under paragraph (a);

(c) where the Board considers it equitable to do so, recover for the benefit of the pool concerned, from a producer who has delivered to the Board a quantity of deciduous fruit—

(i) which differs from the quantity of which such producer so gave notice; or

(ii) in respect of which such producer so failed to give notice;

an amount estimated by the Board with the approval of the Minister, as being approximately equal to the amount of any loss suffered by such pool in consequence of such difference in quantity or such failure to give notice: Provided that the amount recovered per quantity of deciduous fruit shall not exceed R35 per metric ton.

#### *Prohibition of the sale of certain classes, grades or quantities of deciduous fruit*

47. The Board may, with the approval of the Minister, from time to time prohibit any producer from selling deciduous fruit which he has produced, except such class, grade, quantity or percentage thereof as the Board has determined or except for such purposes as the Board has defined.

#### *Prohibition of the sale of deciduous fruit not acquired from the Board or specified persons*

48. The Board may, with the approval of the Minister, prohibit any person from selling deciduous fruit except apples and apricots, unless he has acquired it from the Board, or from such persons as may be determined by the Board.



*Verbod op koop of verkoop van sagtevrugte behalwe kragtens permit*

49. (1) Die Raad kan met die Minister se goedkeuring enigiemand, of enigiemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, of enigiemand behalwe iemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, verbied om sagtevrugte of 'n klas, of graad daarvan te koop of te verkoop, behalwe kragtens 'n permit wat na goeddunke deur die Raad uitgereik word en wat deur die Raad ingetrek kan word as die houer daarvan 'n voorwaarde daarin genoem of 'n bepaling van hierdie Skema of van 'n regulasie kragtens die Wet uitgevaardig, oortree het of versuim het om daaraan te voldoen.

(2) Die Raad kan, met die Minister se goedkeuring, bepaal dat aansoeke om die in subartikel (1) bedoelde permitte deur die Raad oorweeg sal word gedurende een of meer vermelde maande van elke kalenderjaar, en ten opsigte van elke sodanige maand 'n datum vasstel as die laaste datum waarop sodanige aansoeke vir oorweging gedurende daardie maand aanvaar sal word, en die oorweging van alle sodanige aansoeke wat na 'n aldus vasgestelde datum ontvang word, tot die eersvolgende aldus vermelde maand uitstel.

(3) Iemand wie se aansoek om 'n permit ingevolge 'n verbod opgelê kragtens subartikel (1) geweier is, of wie se permit kragtens daardie subartikel ingetrek is, kan ingevolge artikel 72 (2) van die Wet op die wyse by regulasie kragtens artikel 89 van die Wet voorgeskryf, teen sodanige weiering of intrekking by die Minister appél aanteken.

(4) By die toepassing van hierdie artikel beteken "sagtevrugte"—

(a) met betrekking tot sagtevrugte wat bestem is vir verkoop in die Republiek, sagtevrugte (behalwe appels en appelkose) wat in die beheerde produksiegebied geproduseer is;

(b) met betrekking tot sagtevrugte wat bestem is vir verkoop buite die Republiek, sagtevrugte wat op enige plek in die Republiek geproduseer is.

*Reëling van hoeveelheid, tyd en plek met betrekking tot die verplasing van sagtevrugte*

50. Die Raad kan die grootste hoeveelheid sagtevrugte vasstel wat gedurende 'n week, of gedurende 'n dag of ander tydperk deur die Raad bepaal, in 'n deur die Raad omskrewende gebied ingebring of daaruit verwyder kan word.

*Straf vir oorskryding van hoeveelhede deur sekere permitte gemagtig*

51. Die Raad kan op 'n produsent, wat 'n groter hoeveelheid sagtevrugte aan die Raad vir verkoop gelewer het as wat hy gemagtig was om aldus te lewer ingevolge 'n permit in artikel 49 van hierdie Skema of artikel 75 (2) van die Wet beoog, 'n bedrag verhaal wat volgens die aldus gelewerde oormaat bepaal word teen 'n koers deur die Raad met die goedkeuring van die Minister vasgestel, en die Raad kan met die aldus verhaalde bedrag handel op 'n wyse deur die Minister goedgekeur.

*Verbod op inbring van sagtevrugte in omskrewende gebied*

52. Die Raad kan, met die Minister se goedkeuring, enigiemand van tyd tot tyd verbied om sagtevrugte behalwe 'n klas of graad daarvan wat die Raad vasgestel het, of behalwe vir 'n doel wat die Raad bepaal het, in 'n deur die Raad omskrewende gebied in te bring.

*Prohibition of the purchase or sale of deciduous fruit except under permit*

49. (1) The Board may, with the approval of the Minister, prohibit the purchase or sale, by any person, or by any person belonging to any class or group of persons, or by any person other than a person belonging to any class or group of persons, of deciduous fruit, or of any class or grade thereof, except under the authority of a permit, the issue of which shall be in the discretion of the Board and which may be cancelled by the Board if the holder thereof has contravened or failed to comply with any condition specified therein or any provision of this Scheme or of any regulation made under the Act.

(2) The Board may, with the approval of the Minister, determine the applications for permits referred to in subsection (1), will be considered by the Board during one or more specified months of each calendar year, and fix a date in respect of each such month as the last date on which such applications will be accepted for consideration during that month, and postpone the consideration of all such applications which may be received after a date so fixed until the next ensuing month so specified.

(3) Any person whose application for a permit under subsection (1) has been refused, or whose permit has been cancelled under that subsection, may appeal against such refusal or cancellation to the Minister in terms of section 72 (2) of the Act, in the manner prescribed by regulation under section 89 of the Act.

(4) For the purposes of this section "deciduous fruit" means—

(a) in relation to deciduous fruit which is intended for sale in the Republic, deciduous fruit (except apples and apricots) produced in the controlled production area;

(b) in relation to deciduous fruit which is intended for sale outside the Republic, deciduous fruit produced anywhere in the Republic.

*Regulation of quantity, time and place in relation to the movement of deciduous fruit*

50. The Board may determine the maximum quantity of deciduous fruit, which may, during any week, or during any day or other period determined by the Board, be brought into or removed from any area defined by the Board.

*Penalty for exceeding quantities authorised by certain permits*

51. The Board may recover from a producer who has delivered to the Board for sale a larger quantity of deciduous fruit than he was authorised so to deliver under a permit contemplated under section 49 of this Scheme or section 75 (2) of the Act, an amount assessed, on the surplus so delivered, at a rate determined by the Board with the approval of the Minister, and to deal with the amount so recovered in such manner as may be approved by the Minister.

*Prohibition of the introduction of deciduous fruit into a defined area*

52. The Board may with the approval of the Minister, prohibit from time to time, any person from introducing deciduous fruit into any area defined by the Board, except such class or grade thereof as the Board has determined or except for such purposes as the Board has defined.



DEEL VI  
DIVERSE BEPALINGS

*Misdrywe en strawwe*

53. Iemand wat—

(a) versuim om kragtens 'n artikel 31 opgelegde heffing of 'n kragtens artikel 32 opgelegde spesiale heffing op die voorgeskrewe wyse of binne die voorgeskrewe tydperk te betaal;

(b) versuim om aan 'n voorskrif uitgereik kragtens artikel 39 te voldoen;

Die aandag word hierby gevestig op die bepalings van artikel 10 van die Nasionale Welsynswet, 1978 (Wet 100 van 1978), asook op Goewermentskennisgewing R. 2154 van 28 September 1979 waarby die verskillende streke ingevolge artikel 5 van die Wet ingestel is.

Benoemingskollege soos omskryf in artikel 10 (3) (a) van die Wet word hiermee versoek om die name van persone voor te lê wat bevoeg en bereid is om in die streekwelsynsrade vir die betrokke streke te dien. Sodanige nominasies moet aan die Sekretaris van Samewerking en Ontwikkeling, Posbus 384, Pretoria, 0001, gestuur word om hom voor of op 15 November 1979 te bereik.

Die volgende besonderhede moet ten opsigte van elke persoon wat genomineer word, verstrekk word:

- (a) Volle name, pos- en woonadres, beroep en geboortedatum;
- (b) huistaal en bedrewenheid in albei amptelike tale;
- (c) akademiese kwalifikasies;
- (d) ondervinding op die gebied van maatskaplike werk;
- (e) of die genomineerde aan die vereistes soos uiteengesit in artikel 10 (5) van die Wet voldoen, en indien wel, in watter opsig;
- (f) die naam van die streek waaronder die genomineerde ressorteer;
- (g) of die genomineerde bereid is om aanstelling te aanvaar;

(h) die naam van die nasionale raad, welsynsorganisasie of tak van so 'n organisasie waarvan die genomineerde lid is/in wie se diens die genomineerde is/aan wie se werksaamhede of bedrywighede die genomineerde deelneem, of die naam van die opleidingsinrigting waar die genomineerde die opleiding van persone in maatskaplike werk behartig.

Gedateer te Pretoria op hede die 18de dag van September 1979.

G. DE V. MORRISON, Adjunk-minister van  
Samewerking.

No. R. 2155

28 September 1979

ESTABLISHMENT OF REGIONAL WELFARE  
BOARDS

I, George de Villiers Morrison, Deputy Minister of Co-operation, acting on behalf of the Minister of Co-operation and Development by virtue of the powers vested in him by section 6 of the National Welfare Act, 1978 (Act 100 of 1978), read with Proclamation R. 183 of 1979, hereby establish a regional welfare board for each region established under Government Notice R. 2154 of 28 September 1979.

G. DE V. MORRISON, Deputy Minister of  
Co-operation.

(File R218/2)

No. R. 2156

28 September 1979

NATIONAL WELFARE ACT, 1978  
(ACT 100 OF 1978)

Attention is hereby directed to the provisions of section 10 of the National Welfare Act, 1978 (Act 100 of 1978), and to Government Notice R. 2154 of 28 September 1979, by which the various regions were established in terms of section 5 of the Act.

Nomination colleges as defined in section 10 (3) (a) of the Act are hereby requested to submit the names of persons who are competent and willing to serve on the regional welfare boards for the regions concerned. Such nominations are to be forwarded to the Secretary for Co-operation and Development, P.O. Box 384, Pretoria, 0001, to reach him on or before 15 November 1979.

The following particulars must be furnished in respect of each person nominated:

- (a) Full names, postal and residential addresses, occupation and date of birth;
- (b) home language and proficiency in both official languages;
- (c) academic qualifications;
- (d) experience in the field of social work;
- (e) whether the nominee complies with the requirements as set out in section 10 (5) of the Act, and if so, in what respect;
- (f) the name of the region under which the nominee falls;
- (g) whether the nominee is willing to accept appointment;

(h) the name of the national council, welfare organisation or branch of such organisation of which the nominee is a member/in whose service the nominee is/is in whose functions or activities the nominee is participating or the name of the training institution where the nominee is engaged in the training of persons in social work.

Dated at Pretoria this 18th day of September 1979.

G. DE V. MORRISON, Deputy Minister of  
Co-operation.

No. R. 2157

28 September 1979

# REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS DIE NASIONALE WELSYNSWET, 1978

Ek, George de Villiers Morrison, Adjunk-minister van Samewerking, handelende namens die Minister van Samewerking en Ontwikkeling kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 21 van die Nasionale Welsynswet, 1978 (Wet 100 van 1978), gelees met Proklamasie R. 183 van 1979, vaardig hierby die regulasies uit soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

G. DE V. MORRISON, Adjunk-minister van Samewerking.

## BYLAE

### WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of 'n uitdrukking waaraan 'n betekenis geheg is in die Wet, die betekenis aldus daaraan geheg, en beteken—

“appellant” ’n organisasie wat ’n appèl ingevolge artikel 15 van die Wet aanhangig maak;

“die Wet” die Nasionale Welsynswet, 1978 (Wet 100 van 1978);

“komitee” ’n uitvoerende komitee of ’n welsynskomitee, na gelang van die geval;

“organisasie” ’n welsynsorganisasie;

“respondent” ’n organisasie wat by ’n ondersoek in regulasie 19 bedoel, verskyn;

“regsvertegenwoordiger” ’n advokaat of prokureur;

“sekretaris” die sekretaris van ’n streekwelsynsraad of welsynskomitee, na gelang van die geval; en

“voorsitter”, met betrekking tot—

(a) ’n streekwelsynsraad en uitvoerende komitee, die persoon wat ingevolge artikel 9 (3) van die Wet by ’n vergadering van bedoelde raad of komitee voorsit; en

(b) ’n welsynskomitee, die persoon wat kragtens artikel 11 (5) (c) van die Wet as die voorsitter van bedoelde komitee aangewys is.

### SEKRETARIS VAN WELSYNSKOMITEE

2. Die administratiewe werksaamhede van ’n welsynskomitee word verrig deur ’n beamppte in die Staatsdiens deur die Sekretaris aangewys, wat die sekretaris van die betrokke welsynskomitee heet.

### VERGADERINGS VAN STREEKWELSYNSRADE EN WELSYNSKOMITEES

3. (1) ’n Streekwelsynsraad of ’n uitvoerende komitee vergader op die plek waar die streekkantoor van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling vir die streek waarvoor die betrokke streekwelsynsraad ingestel is, geleë is, tensy die voorsitter, in oorleg met die Sekretaris, anders bepaal.

(2) Iedere vergadering van ’n welsynskomitee word gehou op die plek wat die streekwelsynsraad wat so ’n welsynskomitee ingestel het, in oorleg met die Sekretaris aanwys.

(3) ’n Streekwelsynsraad, uitvoerende komitee of welsynskomitee vergader nie sonder die goedkeuring van die Sekretaris meer as ses keer per jaar nie.

No. R. 2157

28 September 1979

# REGULATIONS MADE UNDER THE NATIONAL WELFARE ACT, 1978

I, George de Villiers Morrison, Deputy Minister of Co-operation, acting on behalf of the Minister of Co-operation and Development by virtue of the powers vested in him by section 21 of the National Welfare Act, 1978 (Act 100 of 1978), read with Proclamation R. 183 of 1979, do hereby make the regulations set out in the Schedule hereto.

G. DE V. MORRISON, Deputy Minister of Co-operation.

## SCHEDULE

### DEFINITIONS

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act bears the meaning so assigned thereto, and—

“appellant” means any organisation which has noted an appeal in terms of section 15 of the Act;

“chairman”, in relation to—

(a) a regional welfare board and executive committee, means the person presiding at a meeting of the said board or committee in terms of section 9 (3) of the Act; and

(b) a welfare committee, means the person designated as chairman of the said committee under section 11 (5) (c) of the Act;

“committee” means an executive committee or a welfare committee, as the case may be;

“legal representative” means any advocate or attorney;

“organisation” means a welfare organisation;

“respondent” means an organisation appearing at an enquiry referred to in regulation 19;

“secretary” means the secretary of a regional welfare board or welfare committee, as the case may be; and

“the Act” means the National Welfare Act, 1978 (Act 100 of 1978).

### SECRETARY OF WELFARE COMMITTEE

2. The administrative duties of a welfare committee shall be performed by an officer in the Public Service who shall be designated by the Secretary and known as the secretary of the welfare committee concerned.

### MEETINGS OF REGIONAL WELFARE BOARDS AND WELFARE COMMITTEES

3. (1) A regional welfare board or an executive committee shall meet at the place where the regional office of the Department of Co-operation and Development for the region for which the regional welfare board concerned has been established is situated, unless the chairman, in consultation with the Secretary, determines otherwise.

(2) Every meeting of a welfare committee shall be held at the place which the regional welfare board which has established such a welfare committee indicates in consultation with the Secretary.

(3) A regional welfare board, executive committee or welfare committee shall not meet more than six times a year without the approval of the Secretary.



(4) Iedere lid van 'n streekwelsynsraad, uitvoerende komitee of welsynskomitee woon iedere vergadering van bedoelde raad of komitee, na gelang van die geval, by, tensy aan hom deur die voorsitter van die betrokke raad of komitee verlof verleen is om van sodanige vergadering afwesig te wees.

#### KENNISGEWING VAN VERGADERINGS VAN STREEKWELSYNSRADE EN WELSYNSKOMITEES

4. (1) Die sekretaris van 'n streekwelsynskomitee gee aan elke lid van bedoelde komitee minstens 14 dae voor die datum wat vir die hou van 'n vergadering van bedoelde raad of komitee bepaal is, skriftelik kennis van die datum en tyd waarop en die plek waar bedoelde vergadering gehou sal word.

(2) Sodanige kennisgewing gaan vergesel van 'n sake-lys wat deur die voorsitter van die streekwelsynsraad of welsynskomitee, na gelang van die geval, goedgekeur is en wat die sake vermeld wat by die betrokke vergadering van bedoelde raad of komitee oorweeg sal word.

(3) Die lede van 'n uitvoerende komitee word deur die voorsitter kennis gegee van 'n vergadering van bedoelde komitee.

#### KWORUM VIR EN BESLISSINGS EN PROSEDURE BY VERGADERINGS VAN STREEKWELSYNSRADE EN VAN KOMITEES

5. (1) Die meerderheid van die lede van 'n streekwelsynsraad of van 'n uitvoerende komitee of 'n welsynskomitee aanwesig by 'n vergadering van sodanige raad of komitee, vorm 'n kworum.

(2) Behoudens die bepalings van hierdie regulasies is die beslissing van die meerderheid van die lede van 'n streekwelsynsraad of uitvoerende komitee of welsynskomitee aanwesig by 'n vergadering van sodanige raad of komitee, na gelang van die geval, die beslissing van sodanige streekwelsynsraad of komitee.

6. (1) Geen aangeleentheid wat nie in die sakelys bedoel in regulasie 4 (2) vermeld word nie, word by 'n vergadering van die streekwelsynsraad of welsynskomitee oorweeg nie, tensy die meerderheid van die lede wat by sodanige vergadering aanwesig is, daartoe instem.

(2) 'n Lid van 'n streekwelsynsraad of van 'n welsynskomitee kan minstens een maand voor 'n bepaalde vergadering van bedoelde raad of komitee die voorsitter skriftelik verwittig van enige aangeleentheid wat hy verlang by die sakelys van daardie vergadering ingesluit moet word en daarop word sodanige aangeleentheid in die sakelys van die betrokke vergadering ingesluit.

7. (1) Die toelating van persone wat nie lede is nie, by 'n vergadering van 'n streekwelsynsraad of welsynskomitee word deur die voorsitter van die betrokke vergadering bepaal.

(2) Indien 'n lid van die betrokke raad of komitee beswaar maak teen 'n beslissing gegee ingevolge subregulasie (1), word die vraag onmiddellik sonder verdere bespreking tot stemming gebring.

(4) Every member of a regional welfare board, executive committee or welfare committee shall attend every meeting of the said board or committee, as the case may be, unless he has been granted leave by the chairman of the board or committee concerned to be absent from such meeting.

#### NOTICE OF MEETINGS OF REGIONAL WELFARE BOARDS AND WELFARE COMMITTEES

4. (1) The secretary of a regional welfare board shall notify each member of the said board and the secretary of a welfare committee shall notify each member of the said committee at least 14 days before the date fixed for the holding of any meeting of the said board or committee in writing of the date and time on which and the place where the said meeting is to be held.

(2) Such notice shall be accompanied by an agenda which has been approved by the chairman of the regional welfare board or welfare committee, as the case may be, and which shall state the matters to be considered at the relevant meeting of the said board or committee.

(3) The members of an executive committee shall be notified by the chairman of a meeting of the said committee.

#### QUORUM FOR AND DECISIONS AND PROCEDURE AT MEETINGS OF REGIONAL WELFARE BOARDS AND OF COMMITTEES

5. (1) The majority of the members of a regional welfare board or of an executive committee or a welfare committee present at a meeting of such board or committee shall form a quorum.

(2) Subject to the provisions of these regulations, the decision of the majority of the members of a regional welfare board or executive committee or welfare committee present at a meeting of such board or committee, as the case may be, shall be the decision of such regional welfare board or committee.

6. (1) No matter not included in the agenda referred to in regulation 4 (2) shall be considered at any meeting of a regional welfare board or a welfare committee, unless the majority of the members present at such meeting consent thereto.

(2) Any member of a regional welfare board or a welfare committee may, at least one month before any particular meeting of such board or committee, inform the chairman in writing of any matter which he desires to be included in the agenda of that meeting and thereupon such matter shall be included in the agenda of the meeting concerned.

7. (1) The question of the admission of persons not being members to a meeting of a regional welfare board or welfare committee shall be determined by the chairman of the meeting concerned.

(2) If a member of the board or committee concerned objects to any decision given in terms of subregulation (1), the question shall forthwith be put to the vote without any further discussion.



8. (1) Elke lid van 'n streekwelsynsraad of welsynskomitee het by 'n vergadering van bedoelde raad of komitee een stem en die voorsitter het by 'n staking van stemme, benewens sy beraadslagende stem, ook 'n beslissende stem.

(2) Die stemme van die lede van 'n streekwelsynsraad of welsynskomitee word uitgebring op die wyse bepaal deur die voorsitter van die betrokke vergadering.

9. (1) Die sekretaris van 'n streekwelsynsraad of welsynskomitee hou notule van die verrigtinge by alle vergaderings van die betrokke raad of komitee en sluit daarby in die datum en plek van die vergadering en 'n lys van die name van die lede aanwesig by sodanige vergadering.

(2) 'n Afskrif van die notule word so spoedig moontlik na afloop van iedere vergadering deur die sekretaris aan elke lid van die raad of komitee gestuur.

(3) Die notule van 'n vergadering van 'n streekwelsynsraad of 'n welsynskomitee word op die eersvolgende vergadering van sodanige raad of komitee voorgelê en indien sodanige notule by laasgenoemde vergadering goedgekeur word, hetsy met of sonder wysigings, word dit deur die voorsitter en die sekretaris van bedoelde raad of komitee onderteken.

10. (1) 'n Beslissing van 'n uitvoerende komitee word geag 'n beslissing van die betrokke streekwelsynsraad te wees.

(2) Die bepalings van subregulasie (1) magtig nie die uitvoerende komitee om enige besluite van 'n streekwelsynsraad ter syde te stel of te wysig nie.

#### VERSLAG VAN WERKSAAMHEDE VAN 'N UITVOERENDE KOMITEE

11. 'n Skriftelike verslag van die werksaamhede van 'n uitvoerende komitee gedurende die tydperk vanaf een vergadering tot 'n volgende vergadering van die betrokke streekwelsynsraad word by laasgenoemde vergadering voorgelê vir bespreking by daardie of enige daaropvolgende vergadering.

#### WELSYNSPROGRAMME

12. (1) Enige persoon of liggaam kan te eniger tyd inligting verstrek of vertoë rig aan die streekwelsynsraad van die streek waarvoor bedoelde raad ingestel is, met betrekking tot 'n welsynsbehoefte wat daarin bestaan.

(2) Iedere streekwelsynsraad laat die welsynsbehoeftes in die betrokke streek deur 'n beampte in die Staatsdiens ondersoek en stel, met die oog op die samestelling van sy welsynsprogram, 'n opgawe wesenlik in die vorm van Bylae 1 op ten opsigte van die maatskaplike welsynsdiens of -gerief wat nodig is om te voorsien in enige welsynsbehoefte wat in 'n bepaalde diensveld in sy streek bestaan.

(3) Die welsynsprogram van 'n streek word saamgestel uit al die opgawes wat ingevolge subregulasie (2) ten opsigte van sodanige streek opgestel is.

(4) Behoudens die bepalings van artikel 12 van die Wet stuur iedere streekwelsynsraad voor of op 30 April van iedere jaar die welsynsprogram in subregulasie (3) bedoel ten opsigte van die daaropvolgende jaar aan die Sekretaris vir oorweging deur die Minister.

8. (1) Each member of a regional welfare board or welfare committee shall have one vote at any meeting of the said board or committee and in the event of an equality of votes the chairman shall have, in addition to his deliberative vote, a casting vote.

(2) The votes of the members of a regional welfare board or welfare committee shall be cast in the manner determined by the chairman of the meeting concerned.

9. (1) The secretary of a regional welfare board or a welfare committee shall keep minutes of the proceedings at all meetings of the board or committee concerned and shall state therein the date and place of the meeting and a list of the names of the members present at such meeting.

(2) A copy of the minutes shall as soon as possible after every meeting be forwarded by the secretary to each member of the board or committee.

(3) The minutes of a meeting of a regional welfare board or a welfare committee shall be submitted at the next meeting of such board or committee and if such minutes are confirmed at such meeting, whether with or without amendment, they shall be signed by the chairman and the secretary of the board or committee concerned.

10. (1) Any decision of an executive committee shall be deemed to be a decision of the regional welfare board concerned.

(2) The provisions of subregulation (1) shall not authorise the executive committee to set aside or alter any decisions of a regional welfare board.

#### REPORT ON WORK OF AN EXECUTIVE COMMITTEE

11. A written report on the work of an executive committee during the period from one meeting to a following meeting of the regional welfare board concerned shall be submitted at the latter meeting for discussion at that or any following meeting.

#### WELFARE PROGRAMMES

12. (1) Any person or body may at any time furnish information or address representations to the regional welfare board of the region for which the relevant board was established in respect of any welfare need existing therein.

(2) Every regional welfare board shall cause the welfare needs in the relevant region to be investigated by an officer in the Public Service and, with a view to the compilation of its welfare programme, draw up a return substantially in the form of Schedule 1 in respect of the social welfare service or facility which is necessary to meet any welfare need existing in any particular field of service in its region.

(3) The welfare programme of an area shall be compiled from all the returns drawn up in terms of subregulation (2) in respect of such region.

(4) Subject to the provisions of section 12 of the Act, every regional welfare board shall, on or before 30 April of every year, send the welfare programme referred to in subregulation (2) in respect of the following year to the Secretary for consideration by the Minister.

(5) By die toepassing van hierdie regulasie beteken "diensveld" enige van die aangeleenthede vermeld in die omskrywing van "maatskaplike welsynsdienste" in artikel 1 van die Wet.

### REGISTRASIE VAN WELSYNSORGANISASIES

13. (1) 'n Aansoek om die registrasie van 'n welsyns-organisasie ingevolge artikel 13 van die Wet word gedoen by die streekwelsynsraad van die streek waarin die applikant beoog om maatskaplike welsynsdienste te lewer, in die vorm wat die Sekretaris van tyd tot tyd bepaal.

(2) Die streekwelsynsraad laat iedere aansoek in subregulasie (1) bedoel deur 'n beampte in die Staatsdiens ondersoek.

14. (1) Geen fondsinsamelingsorganisasie in artikel 13 van die Wet bedoel, word as 'n welsynsorganisasie ingevolge daardie artikel geregistreer nie, tensy die streekwelsynsraad waarby aansoek om sodanige registrasie gedoen word, oortuig is dat bedoelde fondsinsamelingsorganisasie waarskynlik in staat sal wees om te voldoen aan die bepalinge van enige ander wet wat betrekking het op die maatskaplike welsynsdienste wat bedoelde fondsinsamelingsorganisasie beoog om te lewer.

(2) Dit is 'n voorwaarde van iedere registrasiesertifikaat—

(a) dat sodanige sertifikaat nie oordraagbaar is nie;

(b) dat die kantoor van die betrokke organisasie en enige maatskaplike welsynsdienste wat gelever word deur of vir of namens die organisasie waaraan dit uitgereik is, te alle redelike tye deur 'n beampte in die Staatsdiens geïnspekteer kan word;

(c) dat die betrokke organisasie op die tye wat die streekwelsynsraad bepaal, die verslae, opgawes en statistieke met betrekking tot die maatskaplike welsynsdienste wat hy lewer aan bedoelde raad verstrek;

(d) dat die rekords van sodanige organisasie by sy geregistreerde adres vir 'n tydperk van minstens drie jaar bewaar word;

(e) dat welsynsorganisasies wat dienste lewer soos in paragraaf (a) van die omskrywing van "maatskaplike welsynsdienste" in artikel 1 van die Wet bedoel, die rekords in stand hou wat ingevolge gevestigde praktyk deur 'n maatskaplike werker in die uitoefening van sy beroep in stand gehou word;

(f) dat notule gehou word van die verrigtinge by enige vergadering van die organisasie; en

(g) dat die organisasie betekening van enige kennisgewing ingevolge die Wet of die regulasies by die adres sal aanvaar soos aangedui op sy aansoek om registrasie.

15. (1) 'n Registrasiesertifikaat ingevolge artikel 13 van die Wet uitgereik, bevat die volgende besonderhede:

(a) Die verwysingsnommer toegewys deur die sekretaris van die betrokke streekwelsynsraad;

(b) die datum van registrasie;

(c) die naam en doelstellings van die organisasie waaraan dit uitgereik word;

(d) die streek waarin die organisasie sy dienste lewer;

(e) 'n verklaring dat die organisasie in die registrasiesertifikaat vermeld as 'n welsynsorganisasie geregistreer is;

(5) In this regulation "field of service" means any of the matters referred to in the definition of "social welfare services" in section 1 of the Act.

### REGISTRATION OF WELFARE ORGANISATIONS

13. (1) Any application for the registration of a welfare organisation in terms of section 13 of the Act shall be made to the regional welfare board of the region in which the applicant intends to render social welfare services, in the form which the Secretary determines from time to time.

(2) The regional welfare board shall cause every application referred to in subregulation (1) to be investigated by an officer in the Public Service.

14. (1) No fund-raising organisation referred to in section 13 of the Act shall be registered as a welfare organisation in terms of that section, unless the regional welfare board to which application for such registration is made is satisfied that the said fund-raising organisation will probably be capable of complying with the provisions of any other law relating to the social welfare services which the said fund-raising organisation intends to render.

(2) It shall be a condition of every registration certificate—

(a) that such certificate shall not be transferable;

(b) that the office of the organisation concerned and any social welfare services rendered by or for or on behalf of the organisation to which it has been issued may at all reasonable times be inspected by an officer in the Public Service;

(c) that the organisation concerned shall, at the times determined by the regional welfare board, furnish the said board with the reports, returns and statistics in respect of the social welfare services rendered by it;

(d) that the records of such organisation shall be kept at its registered address for a period of at least three years;

(e) that welfare organisations rendering services referred to in paragraph (a) of the definition of "social welfare services" in section 1 of the Act shall maintain the records which are kept in accordance with established practice by any social worker in the practice of his profession;

(f) that minutes shall be kept of the proceedings at any meeting of the organisation; and

(g) that the organisation shall accept service of any notice in terms of the Act or the regulations at the address indicated in its application for registration.

15. (1) Any registration certificate issued in terms of section 13 of the Act shall contain the following particulars:

(a) The reference number allocated by the secretary of the regional welfare board concerned;

(b) the date of registration;

(c) the name and objects of the organisation to which it is issued;

(d) the region in which the organisation shall render its services;

(e) a statement that the organisation referred to in the registration certificate is registered as a welfare organisation;



(f) die naam en adres van enige tak van die organisasie waardeur maatskaplike welsynsdienste in die streek kragtens die registrasiesertifikaat gelewer word of sal word.

(2) 'n Registrasiesertifikaat word deur die voorsitter en die sekretaris van die streekwelsynsraad waardeur die betrokke welsynsorganisasie geregistreer is, onderteken.

16. Die sekretaris van 'n streekwelsynsraad kan, indien hy oortuig is dat die registrasiesertifikaat wat aan 'n welsynsorganisasie ingevolge artikel 13 van die Wet uitgereik is, vernietig is of verlore geraak het, op aansoek van bedoelde organisasie, 'n afskrif van bedoelde registrasiesertifikaat uitreik wat hy as 'n ware afskrif van die oorspronklike registrasiesertifikaat sertifiseer.

17. Die sekretaris van 'n streekwelsynsraad hou 'n register van welsynsorganisasies wat ingevolge artikel 13 van die Wet deur so 'n streekwelsynsraad geregistreer is waarin hy, ten opsigte van iedere sodanige organisasie, aantekene of laat aantekene—

(a) al die besonderhede wat op die registrasiesertifikaat in regulasie 15 bedoel, aangeteken moet word; en

(b) besonderhede van enige wysiging, opskorting of intrekking van so 'n registrasiesertifikaat ingevolge artikel 14 van die Wet, met vermelding van die datum waarop so 'n wysiging, opskorting of intrekking van krag word en, in die geval van enige opskorting van so 'n registrasiesertifikaat, ook die tydperk van sodanige opskorting.

#### WYSIGING, OPSKORTING OF INTREKKING VAN REGISTRASIESERTIFIKAAT

18. (1) Indien 'n streekwelsynsraad van oordeel is dat daar redelike gronde bestaan om 'n ondersoek ingevolge artikel 14 van die Wet in te stel, laat die sekretaris van so 'n streekwelsynsraad 'n kennisgewing aan die betrokke welsynsorganisasie beteken waarin so 'n organisasie aangesê word om op die plek en tyd in die kennisgewing vermeld, redes aan te voer waarom die registrasiesertifikaat wat aan hom uitgereik is, nie gewysig, vervang of ingetrek moet word nie.

(2) Sodanige kennisgewing sit die besonderhede uiteen van die gronde waarop die wysiging, vervanging of intrekking van die registrasiesertifikaat oorweeg word en word deur die sekretaris van die betrokke streekwelsynsraad onderteken en aan die betrokke welsynsorganisasie beteken minstens 21 dae voor die datum wat in sodanige kennisgewing vir die hou van die ondersoek bepaal is.

(3) Die betrokke organisasie kan by die ondersoek deur sy regsvertegenwoordiger of deur 'n lid van sy bestuur verteenwoordig word of kan verklarings of argumente vir oorweging by die ondersoek deur die betrokke streekwelsynsraad voorlê.

19. (1) Die voorsitter van die streekwelsynsraad sit voor by 'n ondersoek in artikel 14 van die Wet bedoel en in afwesigheid van die voorsitter by sodanige ondersoek sit die adjunk-voorsitter voor.

(2) By die verskyning van die respondent betrokke by die ondersoek, of in afwesigheid van sodanige respondent, indien die voorsitter van die streekwelsynsraad wat die ondersoek hou, oortuig is dat die kennisgewing behoorlik aan die respondent beteken is, hou

(f) the name and address of any branch of the organisation by which social welfare services under the registration certificate are or will be rendered in the region.

(2) Any registration certificate shall be signed by the chairman and the secretary of the regional welfare board by which the welfare organisation concerned was registered.

16. The secretary of a regional welfare board may, if he is satisfied that the registration certificate issued to a welfare organisation in terms of section 13 of the Act has been destroyed or lost, on application by such organisation, issue a copy of the said registration certificate, which he shall certify as a true copy of the original registration certificate.

17. The secretary of a regional welfare board shall keep a register of welfare organisations registered in terms of section 13 of the Act by such regional welfare board, in which he shall record or cause to be recorded in respect of every such organisation—

(a) all the particulars which shall be recorded on the registration certificate referred to in regulation 15; and

(b) particulars of any amendment, suspension or withdrawal of such registration certificate in terms of section 14 of the Act, indicating the date on which such amendment, suspension or withdrawal shall come into force and, in the case of any suspension of such registration certificate, also the period of such suspension.

#### AMENDMENT, SUSPENSION OR WITHDRAWAL OF REGISTRATION CERTIFICATE

18. (1) If a regional welfare board is of the opinion that there are reasonable grounds for instituting an enquiry in terms of section 14 of the Act, the secretary of such regional welfare board shall cause a notice to be served on the welfare organisation concerned, calling on such organisation to show cause at a place and time specified in the notice why the registration certificate issued to it should not be amended, replaced or withdrawn.

(2) Such notice shall set out the particulars of the grounds on which the amendment, replacement or withdrawal of the registration certificate is contemplated and shall be signed by the secretary of the regional welfare board concerned and served on the welfare organisation concerned not less than 21 days before the date determined in such notice for the holding of the enquiry.

(3) The organisation concerned may be represented at the enquiry by its legal representative or by a member of its management or may submit statements or arguments for consideration at the enquiry by the regional welfare board concerned.

19. (1) The chairman of the regional welfare board shall preside at any enquiry of the board referred to in section 14 of the Act and in the absence of the chairman the deputy chairman shall preside at such enquiry.

(2) On appearance of the respondent concerned at the enquiry, or in the absence of such respondent, if the chairman of the regional welfare board conducting the enquiry is satisfied that the notice has been duly served on the respondent, the regional welfare board



die streekwelsynsraad 'n ondersoek na die aangeleentheid in die kennisgewing vermeld en kan die voorsitter, of 'n lid van die streekwelsynsraad met toestemming van die voorsitter, enigiemand wat by die ondersoek aanwesig is, ondervra of in kruisverhoor neem, en hoor hy getuienis aan wat deur of ten behoeve van die respondent by die ondersoek aangevoer word.

(3) Die betrokke organisasie of sy regsverteenvoerder kan by die ondersoek enige getuie wat deur of namens die betrokke organisasie geroep is, ondervra en kan enige ander getuie wat by die ondersoek getuienis aflê, in kruisverhoor neem.

(4) Die voorsitter kan aan enigiemand wat voor die streekwelsynsraad verskyn om getuienis af te lê, 'n eed opleë of van hom 'n bevestiging aanneem.

(5) By die aflê van getuienis of die voorlegging van 'n boek, dokument of saak by 'n ondersoek, in artikel 14 van die Wet bedoel, geld die reg op privilegie wat van toepassing is op 'n getuie wat in 'n strafsak in 'n landdroshof getuienis aflê of gedagvaar is om 'n boek, dokument of saak in sodanige strafsak oor te lê.

(6) Die voorsitter kan, na goeë dunde, van tyd tot tyd die ondersoek verdaag of tot 'n datum deur hom bepaal, uitstel.

(7) Die voorsitter laat notule hou van die verrigtinge by die ondersoek.

(8) Die betrokke organisasie of sy regsverteenvoerder kan gedurende gewone kantoorure afdrukke van die notule maak op die voorwaardes wat die sekretaris van die betrokke streekwelsynsraad bepaal.

(9) Die notule van die ondersoek word deur die sekretaris van die betrokke streekwelsynsraad bewaar op die plek en vir die tydperk wat die Sekretaris bepaal.

(10) Die kennisgewing in artikel 14 (6) (b) van die Wet bedoel, bevat 'n verklaring ten effekte dat die betrokke registrasiesertifikaat met ingang van die datum van publikasie van sodanige kennisgewing ingetrek is, soos daarin vermeld gewysig is of vir die tydperk in die kennisgewing vermeld, opgeskort is, na gelang van die geval.

### APPÈL

20. (1) 'n Appèl kragtens artikel 15 (1) van die Wet teen 'n beslissing van 'n streekwelsynsraad word aange-teken binne 42 dae nadat 'n kennisgewing van sodanige beslissing aan die welsynsorganisasie of ander organisasie beteken is, deur die aflewering van 'n kennisgewing aan die sekretaris van die streekwelsynsraad wat sodanige beslissing gegee het, waarin die gronde van appèl, hetsy feitelike of regsgronde, volledig uiteengesit word.

(2) Die sekretaris stuur die kennisgewing in subregulasie (1) bedoel aan die Sekretaris, wat dit, tesame met die name van ten minste een landdros en drie ander persone wat aan die vereistes van artikel 15 (3) van die Wet voldoen, aan die Minister voorlê.

(3) Na die samestelling van die appèlkomitee in artikel 15 van die Wet bedoel, verwittig die Sekretaris die appellant en die sekretaris van die betrokke streekwelsynsraad van die naam en adres van die voorsitter van die appèlkomitee.

(4) Die sekretaris van die betrokke streekwelsynsraad lê sodanige kennisgewing tesame met 'n afskrif van die notule van die vergadering waarby die betrokke besluit geneem is, onverwyld aan die voorsitter van die raad voor.

shall conduct an enquiry into the matter referred to in the notice and the chairman, or any member of the regional welfare board, with the consent of the chairman, may examine or cross-examine any person present at the enquiry and shall hear evidence adduced by or on behalf of the respondent at the enquiry.

(3) The organisation concerned or its legal representative may at the enquiry examine any witness called by or on behalf of the organisation concerned and may cross-examine any other witness giving evidence at the enquiry.

(4) The chairman may administer the oath to any person appearing before the regional welfare board to give evidence, or take an affirmation from him.

(5) In connection with the giving of evidence or the production of any book, document or thing at any enquiry referred to in section 14 of the Act, the law relating to privilege as applicable to a witness giving evidence in criminal proceedings in a magistrate's court or summoned to produce a book, document or thing in such criminal proceedings shall apply.

(6) The chairman may, as he deems fit, from time to time adjourn or postpone the enquiry to a date determined by him.

(7) The chairman shall cause minutes of the proceedings at the enquiry to be kept.

(8) The organisation concerned or its legal representative may during normal office hours make copies of the minutes on such conditions as may be determined by the secretary of the regional welfare board concerned.

(9) The minutes of the enquiry shall be kept by the secretary of the regional welfare board concerned at the place and for the period determined by the Secretary.

(10) The notice referred to in section 14 (6) (b) of the Act shall contain a statement to the effect that the relevant registration certificate has been withdrawn with effect from the date of the publication of such notice, amended as mentioned therein or suspended for the period referred to in the notice, as the case may be.

### APPEAL

20. (1) An appeal under section 15 (1) of the Act against a decision of a regional welfare board shall be noted within 42 days of a notice of such decision having been served on the welfare organisation or other organisation, by the delivery of a notice to the secretary of the regional welfare board which gave such decision, in which the grounds of appeal, whether factual or legal, are fully set out.

(2) The secretary shall transmit the notice referred to in subregulation (1) to the Secretary, who shall submit it, together with the names of at least one magistrate and three other persons who comply with the requirements of section 15 (3) of the Act, to the Minister.

(3) After the constitution of the appeal committee referred to in section 15 of the Act, the Secretary shall inform the appellant and the secretary of the regional welfare board concerned of the name and address of the chairman of the appeal committee.

(4) The secretary of the regional welfare board concerned shall submit such notice, together with a copy of the minutes of the meeting at which the relevant decision was taken, without delay to the chairman of the board.

(5) Die voorsitter van die streekwelsynsraad voorsien die sekretaris binne 14 dae na ontvangs van die dokumente in subregulasie (4) bedoel van 'n skriftelike verklaring waarin uiteengesit word—

(a) die feite wat die streekwelsynsraad bevind het by sodanige vergadering bewys te wees;

(b) die streekwelsynsraad se redes vir enige feitelike bevinding wat in die appellant se kennisgewing van appèl vermeld word as 'n feitelike bevinding waarteen geappelleer word; of

(c) die streekwelsynsraad se redes vir enige beslissing, of oor 'n regspraak of ten opsigte van die toelating of verwerping van getuienis, wat vermeld is as 'n beslissing waarteen geappelleer word.

(6) (a) Die sekretaris van die streekwelsynsraad lê onverwyld—

(i) 'n afskrif van die notule in subregulasie (4) bedoel; en

(ii) die skriftelike verklaring in subregulasie (5) bedoel;

aan die voorsitter van die appèlkomitee voor.

(b) Die kennisgewing van appèl en die verklaring wat ingevolge subregulasie (5) verstrek is, maak deel uit van die rekord van die appèlverrigtinge.

(7) (a) Die voorsitter van die appèlkomitee stel die appellant en die sekretaris van die betrokke streekwelsynsraad skriftelik in kennis van die datum en plek wat deur die appèlkomitee vir die verhoor van die appèl bepaal is.

(b) Sodanige kennisgewing word op die wyse in regulasie 24 bepaal, aan die appellant beteken.

(8) Behoudens die bepalings van artikel 15 (4) van die Wet, beslis die appèlkomitee die appèl aan die hand van die notule van die betrokke verrigtinge van die streekwelsynsraad.

(9) Geen persoon wie se aanwesigheid nie vereis word nie, is by die verhoor van 'n appèl ingevolge artikel 15 van die Wet aanwesig nie, behalwe met die verlof van die voorsitter van die appèlkomitee.

(10) Die beslissing van die meerderheid van die lede van die appèlkomitee is die beslissing van die komitee.

(11) Die voorsitter van die appèlkomitee stel die appellant en die sekretaris van die betrokke streekwelsynsraad skriftelik van die appèlkomitee se beslissing in kennis.

#### TOEKENNINGS

21. 'n Toekenning ingevolge artikel 20 (1) van die Wet is maandeliks betaalbaar onderworpe aan die voorwaardes—

(a) dat dit aangewend word slegs vir die doel waarvoor dit gemaak is;

(b) dat iedere organisasie wat maatskaplike werkers soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Maatskaplike en Geassosieerde Werkers, 1978 (Wet 110 van 1978), in diens het, ten opsigte van iedere sodanige werker wat maatskaplike werk soos in genoemde artikel omskryf, verrig, 'n dagstaat laat byhou en maandeliks 'n opgawe van die werk deur hom verrig aan die Sekretaris verstrek in die vorm wat hy van tyd tot tyd bepaal;

(c) dat die werksaamhede van die organisasie waaraan die toekenning gemaak word, te eniger tyd geïnspekteer kan word deur 'n beampte in die Staatsdiens wat deur die Sekretaris vir dié doel aangewys word en dat alle dokumente of inligting wat redelikerwys vir die doel van die inspeksie nodig is, aan bedoelde beampte verstrek of beskikbaar gestel word;

(5) The chairman of the regional welfare board shall furnish the secretary within 14 days of receipt of the documents referred to in subregulation (4) with a statement in writing setting out—

(a) the facts the regional welfare board found to be proved at such meeting;

(b) the regional welfare board's reasons for any finding of fact stated in the appellant's notice of appeal as a finding of fact appealed against; or

(c) the regional welfare board's reasons for any ruling, whether on any question of law or in respect of the admission or rejection of evidence, stated to be a ruling appealed against.

(6) (a) The secretary of the regional welfare board shall submit without delay—

(i) a copy of the minutes referred to in subregulation (4); and

(ii) the statement in writing referred to in subregulation (5);

to the chairman of the appeal committee.

(b) The notice of appeal and the statement furnished in terms of subregulation (5) shall form part of the record of the appeal proceedings.

(7) (a) The chairman of the appeal committee shall inform the appellant and the secretary of the regional welfare board concerned in writing of the date and place determined by the appeal committee for the hearing of the appeal.

(b) Such notice shall be served on the appellant in the manner provided in regulation 24.

(8) Subject to the provisions of section 15 (4) of the Act, the appeal committee shall decide the appeal on the basis of the relevant proceedings of the regional welfare board.

(9) No person whose presence is not required shall be present at the hearing of any appeal in terms of section 15 of the Act, except with the leave of the chairman of the appeal committee.

(10) The decision of the majority of the members of the appeal committee shall be the decision of the committee.

(11) The chairman of the appeal committee shall notify the appellant and the secretary of the regional welfare board concerned in writing of the decision of the appeal committee.

#### FINANCIAL GRANTS

21. A grant in terms of section 20 (1) of the Act shall be payable monthly subject to the following conditions:

(a) It shall only be used for the purpose for which it was made.

(b) Every organisation employing social workers as defined in section 1 of the Social and Associated Workers Act, 1978 (Act 110 of 1978), shall cause a diary to be kept in respect of every such worker who performs social work as defined in the said section and shall monthly submit to the Secretary a return of the work done by it in the form determined by him from time to time.

(c) The activities of the organisation to which the grant is made may at any time be inspected by an officer in the Public Service, designated for this purpose by the Secretary, and all documents or information reasonably necessary for the purposes of the inspection shall be furnished to or placed at the disposal of the said officer.



(d) dat iedere organisasie 'n begroting van sy inkomste en uitgawes aan die Sekretaris verstrek op die wyse en tye wat hy van tyd tot tyd bepaal; en

(e) dat die organisasie die opgawes, verslae of statistieke aan die Sekretaris verstrek, op die wyse en tye van tyd tot tyd deur hom bepaal.

### BEGROTING

22. (1) Die finansiële jaar van 'n streekwelsynsraad en welsynskomitee is die tydperk van 1 April in 'n jaar tot 31 Maart in die daaropvolgende jaar.

(2) Iedere streekwelsynsraad dien jaarliks nie later nie as 30 April by die Sekretaris 'n begroting in van die verwagte uitgawes van die streekwelsynsraad vir die eersvolgende finansiële jaar.

(3) 'n Welsynskomitee dien jaarliks nie later nie as 31 Januarie 'n begroting by die betrokke streekwelsynsraad in van sy verwagte uitgawes vir die eersvolgende finansiële jaar in subregulasie (2) bedoel.

### BEWARING VAN DIE REKORDS VAN STREEKWELSYNSRADE

23. By die toepassing van die Argiefwet, 1962 (Wet 6 van 1962), word die kantoor van iedere streekwelsynsraad geag 'n Staatskantoor te wees soos in daardie Wet omskryf.

### BETEKENING VAN KENNISGEWINGS

24. Wanneer 'n kennisgewing ingevolge die Wet of die regulasies aan enigiemand of enige organisasie beteken, gegee of gestuur moet word, word sodanige kennisgewing geag aldus beteken, gegee of gestuur te wees indien dit per aangetekende pos aan die laasbekende of geregistreerde adres van sodanige persoon of organisasie gepos is.

### WYSE WAAROP VERSKYNING VAN GETUIES VERKRY WORD EN STRAF VIR NIE-VERSKYNING

